

**13 Februarie**

**Skrifgedeelte: Numeri 6:22-6:89**

**Fokusgedeelte: Numeri 6:22-27**

### **Ons kan nie sonder God se seën lewe nie**

Benewens die offerdiens wat die priesters in belang van die volk moes verrig, het hulle ook die voorreg gehad om die volk in die Naam van die Here te seën.

Om seënwense uit te deel en te ontvang is iets alledaags onder mense. Daarmee betoon ons liefde en toegeneentheid teenoor mekaar. Wanneer aangewese ampsdraers ons egter in die Naam van die Here seën, gaan daar 'n krag van die seën uit. Dit is nie maar net mooi woorde nie. Nee, dit is Goddelike seëninge wat 'n werklikheid in ons lewe word. Die priesters het hierdie seën uitgespreek wanneer die volk voor die aangesig van die Here verskyn het.

Die seën van die Here is wonderlik saamgestel. Let daarop dat dit uit drie spreuke bestaan. Drie is die getal van volheid (Jes 6:3). Elke spreuk is weer uit twee helftes opgebou.

Die drie spreuke bestaan opeenvolgend in die Hebreëuse teks uit 2+1, 3+2 en 4+3 woorde. Dit gee saam 15 (3+5+7) woorde. Indien die naam van die Here (Jahweh) wat drie maal voorkom, afgetrek word, bly 12 woorde oor volgens die 12 stamme van Israel.

Indien ons die letters van die onderskeie spreuke sou tel, vind ons dat die spreuke agtereenvolgens uit 3x5, 4x5 en 5x5 letters opgebou is.

Ons bemerk dus dat die priesterlike seën Goddelik kunstig saamgestel is, soos 'n golf wat opbou en dan sy lading oor die strand uitgiet. So seën die Here ons met oorgawe.

*Sing: Psalm 134:3,4*

*Dr NP Heystek (Wapadrant)*